11 Afrikaans in Suid-Afrika aan die vyand kon deurglip! Die SAUK was egter ook n baanbreker tydens die oorlog, aangesien hy een van die eerste radiodienste was wat met n mobiele eenheid nuus van die oorlogsfront uitgesaai het. Nét ná die oorlog, op 24 Oktober 1945, het die Afrikaanse Diens met n versoekprogram U eie keuse begin, wat vandag nog uitgesaai word en die oudste program op Suid-Afrikaanse radio is. Op 1 Januarie 1986 word die Afrikaanse en Engelse dienste vervang met twee nuwe dienste: Radio Suid-Afrika en Radio South Africa. In dié tyd word die eerste advertensies, ook tot talle luisteraars se ontsteltenis, op Afrikaanse radio uitgesaai. Vandag lewer advertensies op RSG n beduidende bydrae tot die SAUK se koffers. Die laaste deel van die 20ste eeu word gekenmerk deur versommende ontwikkelinge op die gebied van die tegnologie en in 1992 verander die stasie se naam na Afrikaans Stereo om die veranderde uitsaaitype te weerspieël. Die trefreël radiosondergrense kry nou ook vastrapplek en om middernag, 27 September, word dié trefreël die stasie se nuwe naam, kortweg RSG, ná n herstrukturering van die SAUK se radiodienste. Anel Potgieter (Life is a Zoobiscuit) het vir RSG n spesiale verjaarsdagkoek gebak het toenemend oor die radio opgetree en skrywers soos CM van den Heever, Eitemal en Boerneef het spesiaal vir dié medium begin skryf. Op 1 Augustus 1936 het die SAUK, wat die African Broadcasting Services oorgeneem het, begin uitsaai met n diens in Engels. Net meer as n jaar later, op 27 Oktober 1937, is die Afrikaanse Diens van die SAUK bekendgestel. In dié tyd het die oorlogswolke in Europa begin saampak en Suid-Afrika het nie onaangeraak daardoor gebly nie. Die SAUK was gedurende die oorlog, van 1939 tot 1945, uiters versigtig oor wat uitgesaai is en versoekprogramme is ondermeer gestaak omdat die gevaar bestaan het dat gekodeerde boodskappe die tegnologie het vir Afrikaanse radio, RSG, verdere grensloosheid gebring. Luisteraars kan op enige plek in die wêreld wees en luister... selfs op see, soos baie van ons luisteraars gereeld vanaf groot vragskepe en klein vissersbote op die see af laat weet. Afrikaanse radio bied steeds vir skrywers en musici n uitstalvenster vir hulle talent en hulle werk en bevorder so steeds die groeiende ontwikkeling van Afrikaanse kuns, wetenskap en kultuur. Lank, lank gelede het iemand gesê radio is die teater van die verbeelding. RSG verseker n ervaring in 3D, in Afrikaans en sonder grense! The 80th birthday of Afrikaans radio broadcasting culminated on Friday, 27 October As part of RSG s celebrations, some highlights from the archives were broadcast where presenters spoke about the old days of radio, concluding it all with a dance. A big difference between the radio stations of today and those 80 years ago is that you can now follow them on Facebook or Twitter. Radio history in South Africa began in July 1924, with various small and private broadcasters broadcasting in English and Afrikaans from Cape Town, Durban and Johannesburg. These stations were combined into the African Broadcasting Company by IW Schlesinger in The SABC took over this outfit and began an English broadcast service in 1936 and an Afrikaans service in 1937 which, after going through titles such as Radio Suid-Afrika and Afrikaans Stereo, became RSG on 27 September 1992, reflecting the tagline radiosondergrense as well as a restructuring of the SABC s radio services. The longest-running programme on South African radio was a request programme called U eie keuse (Your Own Selection), which was started just after the Second World War, on 24 October 1945, and is still being broadcast! April 2018 Muratho 9

12 Taalkwessies: Literatuur Die anatomie van reis My paspoort Noodgewonge in n landing site beland Argentina teenoor Republika Hrvatska, Nam Phi neffens Beijing se groot muur-uisum. My boekie propvol en net op één blad staan jy, skeef gestempel, my paspoort na oraldeur. Nee, ek lieg, dis twee: Zanzibar en Egipte. Stone Town blakerend en stinkend; Kairo se piramides en kamele en gidse. Ook op al die plekke sonder jou, daar was jy: Tokio, Los Angeles, Santiago de Chile, onsigbaar, ongesiens, ongehoord in die omtes van my reisende hart van kontinent tot kontinent in nood, in al die o-klanke van aftel en optel. Die anatomie van reis. Dit is wat hierdie gedig opsom. Oënskynlik n vers oor n geliefde wat saamgereis het; op n tweede vlak handel hierdie vers oor die afdruk van taal in n paspoort. Die terugkeer na jou moedertaal dalk? Op een bladsy Johannesburg OR Tambo 2016/01/04; vroeër jare was dit Afrikaans en Engels. Maar die gedig verbeeld dit anders. Die wortels van die taal is steeds daar. Dit waarna jy terugkeer in die herinnering. Tydens buitelandse reise is ek intens bewus van my verknogtheid aan Afrikaans. Hierom reis ek nooit sonder twee belangrike boeke nie, naamlik Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom deur Anton F Prinsloo (Pharos) en my Asa, oftewel: Afrikaanse Sinoniem-woordeboek met antonieme deur Louis Eksteen (JL van Schaik). Langs my bed staan n hele galery woordeboeke: Duits, Frans, Italiaans, Latyn, Afrikaans/Engels. Hierdie boeke is my vriende. Ek besoek hulle gereeld. Ontdek familieskappe tussen tale. Waar kom jy vandaan? Wie was jou pa?, het my vader altyd vir vreemdelinge gevra en binne n ommesientjie n persoon geplaas, soos hy dit genoem het. Vandag weet ek hoekom hy hierdie vrae moes vra. Woorte is net vreemdelinge totdat jy met hulle begin gesels en verwantskappe en wortels raaksien. n Digter sonder n woordeboek is soos n reisiger sonder n paspoort. Belangrike digters in enige taal óntgin taal. Hierom neem Van Wyk Louw se Klipwerk -reeks n mens na Boerneef. Hy word weer opgetel deur Breytlenbach in sy gedigte. Gilbert Gibson praat terug met aldie en stap vorentoe met gedigte wat die leser moet voltooi... JC Steyn is eweneens n baken met sy taalontginnings en Die grammatika van liefhê wat in 1975 verskyn het, neem ons veral terug na die wortels van ons taal. Die ryk domeine van taal word wonderbaarlik ontgin in hierdie bundel deur n taalvirtuoos. Hy keer terug na die geskiedenis van sy taal en maak hiervan aangrypende poësie. Uiteraard is elke digter en leser en taalpraktisyn bekommerd oor die stand van Afrikaans. Nie dat sy sal uitsterf nie, maar dat die hoër funksies sal / mag / kan verdwyn soos die paspoortstempel immers bewys. The details of a trip cannot be reduced to your passport. Often it s about a language, in this case Afrikaans. Joan Hambidge travels a lot, usually with two Afrikaans handbooks in the top of her suitcase: Idioms and where they come from and Afrikaans synonyms and antonyms. Next to her bed you ll find a whole lot of different language

dictionaries in which she sees a lot of family resemblances. A poet without a dictionary is like a traveller without a passport. This analogy is used to follow major literary figures from today (i.e. Breytenbach) into the past (i.e. Boerneef) and in this way gets them into a conversation with each other, e.g. her Klara Majola n palinode. This is how she allows the language to carve its way into the future, rather than go extinct. 10 Muratho April 2018

13 Taalkwessies: Literatuur Ons hou begrafnis ek en jy Was my taal n steppewolf sou ek en jy nie begrafnis hou oor my memorieboek van drome. In n helder droom staan jy in n begrafplaas met blomme vol maaiers en insekte, bykans n David Lynch-film en ek hoor jou sing uit n ou Gesangeboek: O goedheid Gods hier nooit volprese met n opmars van miere en ongediertes. Ek, die middelman, kyk toe hoe al die woordeboeke selfs n geelgoue Eksteen saam met verseboeke in die donker gat afgesmyt word sonder n kis of n grafsteen met datums. O ja, ek memoreer bepaald. Hoe dan anders? Die merk-inke van n taal en sy mense laat n lyster sy koppie skuinsdraai. Tjou-tjou, sing hy. Kreools, krioelende mengelmoes, fluit hy verder, want die een ou Spook was vet en die ander een gaan langsaam telluries dood. Op watter vasteland ons boer, dit wis daardie Peter Blum beslis. Telluries beteken aards, aldus Eksteen. Groot verseboek is my ander bybel en DJ Opperman het ons ook geleer hoe digters met mekaar in gesprek tree en die taal lewend hou: Klara Majola n palinode* Vir DJ Opperman Klara Majola, aan jou n herbesoek, in hierdie ondraaglike skemertyd waar vele beelde moes verstryk, met n lykdig vanuit n ander hoek. In daardie wit begraafplaas, ongelijk, op die Eike naby Prince Alfred bly jy die enigste bruin kinderlyk: op sementsteen uitgekerf. O klein Klara Majola, dié gedig se nuwe geweld, kan helaas nie troos of helderte bring in n berig oor ongelikheid of iets só boos. So word die verlede die toekoms. Om poësie te skryf of lees, is om terug te draai om die hede beter te takseer of te verstaan. n Taal kan net uitsterf as die sprekers van daárdie taal dit begeer. En die digkuns bewys juis die teenoorgestelde met die veelheid van stemme in suiwer Afrikaans, Kaaps, sleng, loslitpraat, parlando of palinodes. Soveel uiteenlopende stemme wat woeker met Afrikaans in vele vorme. Noodgedwonge? Nee, eerder noodanker, noodluik... *Die oorspronklike Klara Majola lui soos volg/the original Klara Majola follows: Klara Majola wou haar vader toe die skemer sak, gaan haal waar hy, die blinde, hout vergader; maar Klara Majola het verdwaal It was Klara Majola who went searching for Dad at dusk collecting wood for the fire, was he, a blind man; but Klara Majola got lost Klein Klara Majola lê verkleum in die Bokkeveld se broskapok, haar arms en bene bruin en kromgetrek soos winderdstok. Klara Majola, die Koue geweld sif stadiger oor my uit die ruim, maar nooit sal ek in die bokkeveld so warm, Klara Majola, soos jy verkleum. Klara Majola from Engel uit die klip (1950) by DJ Opperman () Translated by I Gertenbach More here: Little Klara Majola lies frozen on the brittle Bokkeveld frost, her arms and legs brown and contorted as a vine. Klara Majola, this cold violence sifts more slowly from space over my sense. but never will I, in the Bokkeveld warm like you, Klara Majola, freeze to death. Joan Hambidge is professor in Afrikaans en Kreatiewe Skryfwerk aan die UK. Haar jongste bundel is Indeks (Human & Rousseau). Die drie verse is uit die ongepubliseerde bundel Astrak wat in 2018 verskyn. n Keur uit haar gedigte verskyn in 2018 in vertaling: The Coroner s Wife. ITD 2018 theme: Translation: Promoting cultural heritage in changing times April 2018 Muratho 11

14 Taalkwessies: Die taal Norme vir Afrikaans weerspieël taatgebruikspatrone oor 28 jaar Dié boek se uithouvermoë het my stoutste verwagtinge oortref, sê Wannie Carstens. Om te dink dat die boek reeds in sy 29ste jaar op die mark is, is ongelooflik. As n mens n boek skryf, doen jy dit met die vaste wete dat die boek n beperkte gebruikstyd het en jy maak vrede daarmee. Dit is selde dat n boek se gebruik sy normale gebruikslawe oorskry, juis omdat elke boek vir n spesifieke teikenmark geskryf word, wat dan veronderstel is om dit vir daardie besondere doel te gebruik. Hoekom het Norme dan sy gebruikstyd oorleef? Ek het Norme vir Afrikaans in 1988 geskryf toe ek n jong dosent aan die Universiteit van Kaapstad was. Destyds moes ek vroeg op Vrydagoggende elementêre Afrikaanse grammatika aan tweede- en derdetaalsprekers van Afrikaans doseer en dit was kort voor lank duidelik dat die doseer van grammatika sonder n beplande gebruikskonteks min sin gemaak het vir die studente. Hoekom moes hulle weet hoe om n goeie sin in Afrikaans te kon skryf, hoekom die gebruik van n woord in die regte betekenis in die toepaslike konteks van belang is, hoekom kennis van die Afrikaanse spellingstelsel hulle sou help om beter gebruikers van Afrikaans te wees. Die feit dat heelwat van hulle die vak as deel van hulle program in regte moes neem, het die vroeë nog meer relevant gemaak, juis omdat hulle in goeie Afrikaans in hulle beroepsomgewing sou moes skryf. Ek wou nie net grammatika en spelling oordra ter wille van grammatika en spelling nie. Ek wou dit oordra sodat dit sin maak, sodat hulle verstaan hoekom dit van belang is om kennis daarvan te dra. Saam hiermee moes ek ook aan die tweedejaars n kursus oor goeie taatgebruik aanbied. Ek moes hulle vir die taalpraktyk voorberei, was prof. Roy Pheiffer se opdrag. Die vroeë vir hierdie kursus was dieselfde as vir die studente in die bogenoemde kursus. Aanvanklike pogings om dit sonder n konteks te doen, het onbelangstellende studente opgelewer. Dit wat ek gedoen het en hoe ek dit gedoen het, het nie gewerk nie. Ek moes iets anders doen. Terwyl ek eendag op soek was na n tema vir n lesing, het ek deur prof. Francois Odendal se Aspekte van taal geblaai en toe die afdeling oor norme raakgelees. Die bespreking van die verskillende soorte norme was openbarend. Dit het by my assosiasies opgeroep met die inhoud van voorgraadse lesings oor normatiewe taalkunde wat prof. Meyer de Villiers in 1972 aan US aangebied het. Ek het besef ek het my invalshoek gekry: Ek moes my kursus bou om reg en verkeerd, om die gebruik van taal in die regte konteks. En die woord norm was die ideale vertrekpunt hiervoor, nie net vir die studente wat basiese kennis van die grammatika en spelling van Afrikaans moes kry nie, maar ook vir die studente wat die taalpraktyk moes betree. Die res is geskiedenis. Veral toe ek besoek van n verteenwoordiger van Academia (JL van Schaik-uitgewers) ontvang het wat gevra het of ek nie dalk n manuskrip het vir publikasie nie. As jong dosent was dit omtrent n uitdaging: n manuskrip vir n boek! Wie sou wou lees wat ek skryf? My kursusstasie is beskou as die raamwerk van n boek (wat vir geskryf sou kon word). Ek het eers drie jaar later die manuskrip ingedien, maar in hierdie proses het ek letterlik álles oor Afrikaans gelees ten einde te bepaal hoe dit vir die normatiewe raamwerk inpas kon kom, toe ook in die hospitaal ingewerk. Norme vir Afrikaans se eerste uitgawe het in 1989 verskyn. Die gebruik daarvan as handboek het gou geblyk n sukses te wees, en dat die subtitel Riglyne by die skryf van Afrikaans in die kol was, was my doel as dosent. Ek wou naamlik riglyne gee oor hóé my studente goeie Afrikaans kan skryf en veral wáárom hulle dit moes doen. En ook waar hulle antwoorde kon vind as hulle vasgehaak het. My twee kursusse het hierna baie beter verloop. Die belangstelling was beduidend beter en die deelname ook. Ek het dus die regte resep gevind... Prof. Wannie Carstens first started working on Norme vir Afrikaans when he was lecturing at UCT. The first edition appeared in 1989 and in this article he discusses how and why it s remained a relevant source for students of Afrikaans and language practitioners alike. He has ensured that Norme works hand in hand with the AWS (Afrikaanse woordelys en spelreëls) and constantly reads and updates anything related to the linguistic issues of Afrikaans. 12 Muratho April 2018

15 Taalkwessies: Die taal Groot was my verbasing toe ek kort ná die verskyning van die eerste uitgawe agtergekom het dat taalpraktisyns ook groot nut gevind het in die boek. Vertalers en taalversorgers (deesdae teksredakteurs sien my boek oor Teksredaksie, waarin Norme toevallig ook n groot rol gespeel het) in SAVI-kringe het spoedig laat blyk die boek help hulle om antwoorde op hul eie lastige taalnavrae te kry. Dit was n onbeplande bonus, juis omdat ek gedink het die boek sal slegs deur my studente aan UK gekoop word. Ook aan ander universiteite het dosente kennis geneem van die boek en dit begin voorskryf, en taalpraktisyns het dit flink gekoop. My boek het gewerk! Sedertdien het Norme n verdere vyf keer verskyn: 1991, 1994, 2003, 2011 en vanjaar Norme 6 (2018). Telkens het n nuwe hersiening saamgeval met n nuwe uitgawe van die AWS: 1991, 2002, 2009. Maar vir elke nuwe uitgawe het ek ook seker gemaak dat ek alle toepaslike taalkundige inligting van die voorafgaande tyd sover ek dit kon vind verreken het: nuwe boeke oor die Afrikaanse taalkunde, nuwe artikels in gepubliseerde taalkundige tydskrifte (want dit is hier waar ontwikkelinge in die taal gouer weerspieël word), berigte oor taalsake in koerante en populêre tydskrifte, nuwe woordeboeke, nuwe tegnologiese ontwikkelinge (speltoetsers, grammatika- en styltoetsers, e-uitgaves van boeke en woordeboeke); alles wat ek van nut geag het. Tot die groot frustrasie van my vrou het ek selfs op vakansie selde boekwinkels oorgeslaan op soek na nuwe woordeboeke en nuwe bronne. Is daar dalk iets wat ek misgekyk het? Terugvoer van gebruikers (studente en taalpraktisyns) was ook waardevol om gebreke reg te stel. Dit het studente in my honneursklasse oneindige vreugde verskaf as hulle n fout (van watter aard ook al) raakgesien het en dit vir my kon uitwys... Hierdie manier van doen het my in staat gestel om Norme by te werk en die boek daarom steeds relevant te hou. Tred hou met ontwikkelinge In die loop van die tyd het ek probeer tred hou met ontwikkelinge in die taal as n manier om te sien hoe en of taalverandering in my tyd deurwerk. Die gemeenskap wat n betrokke taal gebruik, bly nie staties nie en dit sal onvermydelik tot aanpassings lei in die taal wat hulle gebruik. Sprekers word naamlik met verloop van tyd vervang deur nuwe sprekers met ander taalbehoefes en taalnorme as die vorige geslag(te). Onthou dat taalverandering n langsame maar onafwendbare proses is wat n taal se struktuur en woordeskat nie onaangetas sal laat nie. Min mense is egter in staat om die werklike verandering in hulle tyd te identifiseer en

op te teken. Norme 6 van vanjaar het in die lig hiervan n besondere uitdaging tydens die hersienings- en bywerkingsproses gestel. Is daar iets wat sodanig verander het dat dit n indringende herbekyk en aanpassing gevra het? Reeds met Norme 4 (2003) het ek begin besef dat herstandaardisering n onafwendbare proses is prof Ernst Kotzé het my aandag daarop gevestig en ek sou dit moes verreken in verdere uitgewes van Norme. Dit het veral spelling en skryfwyse geraak (die formaat en formulering van die reëls het met AWS 9 in 2002 verander, en sedertdien ook die woordelyste en die bylaes in die AWS kyk bv. na AWS 8 (1991) vs. AWS 11 (2017)), verandering in woorde se betekenis (soos die probleem van huidige en aanspreek), nuwe soorte bronne (soos die spel- en grammatikatoetsers), maar ook aanpassings in grammatikale patrone (subtiel, maar nogtans), soos by die skryf van woorde wat op -eer uitgaan, e.s.m. Die Standaardafrikaans van 1989 is daarom nie meer die Standaardafrikaans van 2017 nie. Op aanbeveling van prof. Christo van Rensburg het ek die subtitel van Norme 6 verander na Moderne Standaardafrikaans as weerspieëling van hierdie tendens. Dit is dus nie meer riglyne by die skryf van Afrikaans nie, maar eerder n aanduiding van hoe die Standaardafrikaans van die tyd lyk. Dit gee dan op sigself leiding as geskryf word in formeler kontekste. Norme het waarskynlik juis om hierdie rede die aanslag van die tyd weerstaan: dat die boek konstant op datum gehou is en daardeur steeds n betroubare naslaan- en kontrolebron gebly het. Lang lewensverloop Ten slotte: Ek is nou afgetree, maar hoop om Norme nog n keer of wat te hersien en by te werk voordat ek my finaal as akademikus terugtrek en voltyds oupa word. Daarna sal ek n vennoot soek om die boek die toekoms in te neem. My wens is dat Norme nog n lang lewensverloop sal hê! Prof. Wannie Carstens het aan die einde van 2017 aan die NWU (Potchefstroom) afgetree as professor in die Afrikaanse taalkunde. Hy bly betrokke by die NWU as buitengewone professor. Hy was lank direkteur van die Skool vir Tale op hierdie kampus. Hy het op verskeie liggamme wat Afrikaans raak gedien, o.a. as stigterslid en eerste voorsitter van die Afrikaanse Taalraad (), voorsitter van die Raad van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns () en voorsitter van die Raad van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (). Hy was ook ondervoor sitter van die Raad van PansAT () en is tans gasdosent in Afrikaanse taalkunde aan die Universiteit van Leiden. Verskeie akademiese boeke verskyn onder sy naam, as alleenouteur of as mede-outeur. April 2018 Muratho 13

16 Taalgeskiedenis n Monument vir Afrikaans Die gedagte om n monument vir die Afrikaanse taal op te rig, is op 14 Augustus 1942 geopper tydens die onthulling van n gedenkplaat by die begraafplaas op die plaas Kleinbosch in Dal Josafat naby die Paarl, ter ere van ds SJ du Toit, DF du Toit en PJ Malherbe, drie stigterslede van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), wat daar begrawe lê. Dit het gelei tot n openbare vergadering in die Paarl op 26 September 1942 waar die Afrikaanse Taalmonumentkomitee in die lewe geroep is om fondse in te samel vir die oprigting van n waardige taalmonument in die Paarl asook vir beurse aan verdienstelike gevorderde studente wat hulle spesiaal op n intensiewe studie van die Afrikaanse taal wil toelê. Daar is entoesiasties weggespring en n sogenaamde Oproep is opgestel om die saak onder die aandag van alle Suid-Afrikaners te bring. Die fondsinsamelings was egter minder suksesvol en dit was meer as drie dekades later voordat die monument n werklikheid sou word. In 1964 het die komitee n kompetisie vir die ontwerp van die monument uitgeskryf en 12 argitekte genooi om deel te neem. Volgens die opdrag moes die monument van ver af sigbaar wees en onder meer die kulturele en staatkundige opbloei van Afrikaans uitbeeld. Johan Carel van Wijk (2 Mei Mei 2005) is toe as wenner aangewys. Die terrein vir die monument, wes van Bretagne-rots op Paarlberg, is reeds in 1963 gekies. In 1968 het die Paarlse munisipaliteit sowat 84 hektaar kosteloos aan die staat oorgepra. Bouwerk het laat in 1972 begin en is aan die einde van 1974 voltooi. Die monument is in 1975, 100 jaar ná die stigting van die GRA, ingewy. Meer as mense het die inwyding 10 Oktober 1975 in die amfiteater bygewoon. Inspirasie vir die ontwerp Een van Van Wijk se belangrikste ontwerpbeginsels was dat die monument by die natuurlike terrein moes inskakel en aanvul. Hy het vertel dat hy ter voorbereiding die Paarl besoek het en met n ou brandstrook opgegaan het na die voorgestelde terrein: Ek en my vrou het eers hier rondgeleef en toe gery na die pas daar oorkant; Franschoek toe; na Klapmuts toe; en gekyk hoe die terrein van ver af lyk, want die monument moes sigbaar wees. Van Wijk het besluit dat die lyne en ander elemente van die monument die natuurlike lyne van die omgewing moes naboots, en dat die boumateriaal by die rotse op die berg moes inpas. Daarna moes n gepaste beeld gevind word om Afrikaans mee voor te stel. Van Wijk het n wiskundige hiperbool raakgesien in die beeld wat die bekende en produktiewe skrywer CJ (Cornelis Jacobus) Langenhoven in sy 1914-lesing gebruik het, naamlik: As ons nou hier in die saal af n ry pale sou plant, tien pale, om die laaste tien jaar voor te stel, en aan elke paal n merk sou maak op n hoogte van die vloer af ooreenkomende met die betreklike skryfgebruik van Afrikaans in die respektiewe jaartal, en n streep deur die merke trek, van die eerste af hier naby die vloer tot by die laaste, daar anderkant teen die solder, dan sou die streep n snelstygende boog beskryf nie net vinnig opgaande nie, maar opgaande na n vinnig vermeerderende rede. Laat ons nou in ons The idea of an Afrikaans Language Monument came about on 14 August 1942 when a plaque was unveiled to commemorate the founding members of the GRA (Genootskap van Regte Afrikaners). Decades later Johan Carel van Wijk was the chosen architect; his design was based on the work of writers CJ Langenhoven and NP van Wyk Louw. The former had spoken about a vision for Afrikaans in 1914, which reminded Van Wijk of a mathematical hyperbole. The latter spoke of Afrikaans as the connection, or bridge, between Europe (or the influence of European languages) and Africa (or the influence of Khoi, Nguni and Sotho languages on Afrikaans). A lot of other important symbols and words have been woven into and around this spectacular sculpture, e.g. Dit is ons erns / We re serious about this. These words originate from a lecture given by the politician JH Hofmeyr on 6 March 1905 and were actually used in connection with Dutch. 14 Muratho April 2018

To make Taalgeskiedenis verbeeld die boogverlenging vir die tien komende jare van nou af Siedu, menere, waar die punt sal wees, daar buite in die bloue lug hoog oor die oewerhoof van die jaar Van Wijk gebruik toe hierdie hiperbool om Afrikaans as skryftaal te beskryf, naamlik n snelstygende boog. So is die idee van die groot suil gebore, met heel bo n oop punt wat groei voorstel. Ten einde die definisie visueel uit te druk, het Van Wijk die woorde van NP van Wyk Louw gebruik. Nicolaas Petrus van Wyk Louw was een van Afrikaans se grootste skrywers, digters en denkers. Hy het Afrikaans beskryf as die taal wat Wes-Europa en Afrika soos n brug verbind, as n glansende werktuig en n tweesnydende swaard. Hierdie gedagtes het die monument in Van Wijk se geestesoog laat vorm aanneem en uiteindelik in die struktuur en simboliek daarvan neerslag gevind. Simboliek 1. Links (wes) van die aantrede tot die monument staan drie suile wat die Wes-Europese tale en kulture verteenwoordig Nederlands, Frans, Duits, Portugees en ander. Nie een van die suile verteenwoordig n spesifieke taal nie; die getal drie is hiervoor gebruik. Dit loop van hoog na laag om die verminderende invloed daarvan op Afrikaans uit te beeld. Die suile begin as aparte strukture wat dan in n stygende kurwe saamsmelt om deel van die hooflyn van die monument te vorm. Die hoogste een van die drie is ongeveer 13,5 m (44 vt.) hoog. 2. Regs (oos) van die aantrede is n podium wat die suidpunt van Afrika verteenwoordig. Op die podium is daar drie rondings, wat die invloed van die Khoi-, Nguni- en Sothotale simboliseer en, anders as die simbool van die Europese tale, in grootte toeneem. Hierdie strukture is só geplaas dat hulle n kurwe vorm wat by die hooflyn (naamlik Afrikaans) aansluit, en so die kring voltooi. 3. Waar die twee kurwes van Wes-Europa en Afrika bymekaar kom, word n brug gevorm, wat die versmelting van die twee kontinente se tale versinnebeeld. 4. Die Maleise taal en kultuur word deur n muur op die trapaantrede van die monument voorgestel. Die muur is só tussen die kurwes van Wes-Europa en Afrika geplaas dat dit apart staan (omdat Maleis van die Ooste is), maar tog n eenheid vorm met die twee kragte van Wes-Europa en Afrika wat saamsmelt om die brug te vorm wat dan simbolies die basis van Afrikaans uitbeeld. 5. Die hoofsuil van die monument stel die snelstygende boog van Afrikaans en sy versnellende groei voor. Die suil staan in n poel water en dit versterk verder die gedagte van Afrikaans as n lewende, groeiende entiteit, wat lewensonderhoud nodig het vir sy voortbestaan. Die skerp lyne van die suil verbeeld die tweesnydende swaard van Van Wyk Louw. Die suil is ongeveer 57 m (186 vt.) hoog en dit eindig oop en stomp om aan te dui dat die groeiproses nog steeds voortgaan. Die ligspel in die monument, as gevolg van die waterpoel en die openinge in die hoofsuil, versinnebeeld die taal as glansende werktuig. 6. Saam met die hoofsuil in die poel staan daar nog n suil, wat die republiek van Suid-Afrika, die geboorteplek van Afrikaans, uitbeeld. Die suil staan los van Afrikaans en het op sigself niks met Afrikaans te make nie, maar met die geheel. Die pilaar is oop na Afrika om aan te dui dat interaksie tussen Afrikaans, Suid-Afrika en Afrika voortdurend plaasvind. Die geskrewe woord by die monument Die geskiedenis van die bewoording in die plaveisel by die monument, Dit is ons erns, gaan terug na 6 Maart 1905 toe die politikus JH Hofmeyr n toespraak gehou het met die titel Is t u Ernst? Hy was die spreker by n vergadering van Ons Spreekuur, n Hollandse taal- en kultuurvereniging vir studente. Hofmeyr was n voorstander van vereenvoudigde Hollands en sy April 2018 Muratho 15

18 Taalgeskiedenis toespraak was n pleidooi vir die herstel van die regte van Hollands in reaksie op die Britse heersers se verengelsingsbeleid. Die titel van die toespraak was dus n vraag gemik daarop om die studente bewus te maak daarvan dat hulle die kwessie van taal ernstig moes benader. In die toespraak jaag hy talle Afrikaansgesindes die harnas in met sy bewerings dat daar oral Engels gepraat word ten koste van Hollands, deur mense wat hy Hollandsch-Afrikaansche boeren noem. Toe daar in 1974 n sentrale tema vir die 1975 Taalfeesjaar gesoek is, is daar op die Afrikaanse weergawe van hierdie aanhaling besluit, naamlik Dit is ons erns. Die bewoording het daarna op alle publikasies in verband met die Taalmonument verskyn asook op die monumentkomitee se amptelike skryfmateriaal. Argitek Jan van Wijk het voorgestel dat die woorde ook in die plevaisel by die aantrede tot die monument aangebring word om die mense aan te gryp wanneer hulle die trappe bestyg en hul aandag te vestig op wat die monument wil sê. Vir meer inligting, gaan na taalmonument-geskiedenis/ of e-pos admin@taalmuseum.co.za. Bronne ATM-dokumentasie Drakenstein Munisipaliteit, Paarlberg Natuureservaat inligtingspamflet Erna van Wijk, persoonlike mededelings Langenhoven, CJ, Ons weg deur die wêreld, JH de Bussy: Pretoria, 1918 Nienaber, CS, PJ Nienaber en CJM Nienaber, Dit was ons erns, Nasionale Boekhandel: Kaapstad, 1962 Nienaber, PJ, Die Vrystaatse Taalbeweging, Afrikaanse Pers Boekhandel: Johannesburg, 1947 Scholtz, J du P, Wording en ontwikkeling van Afrikaans, Tafelberg: Kaapstad, 1980 Van Wyk Louw, NP, Vernuwning in die prosa, Human & Rousseau: Kaapstad, 1961 Letter to the Editor First of all, I would like to thank you for placing my article Languages by post (Muratho April 2017, p. 15). I took the liberty of creating a postcard of it and attach it here. The recipient of this card ZA expressed an interest in languages in his profile, so off it went to Russia and arrived (!!) within 37 days (that means it travelled km). Konstantin's reaction follows*: Grüß dich Wanda! Ich danke dir für deine wahnsinnig tolle Postkarte. Ich bin sehr interessiert, andere Sprachen zu studieren. Ich habe deinen Artikel schon gelesen und ich bin einfach begeistert davon! Alles, was mit Spracherlernen verbunden ist, finde ich super! Ich selbst versuche in meiner Freizeit Latein, Italienisch und Schwedisch zu lernen (jetzt habe ich leider keine Zeit dafür). Danach, wenn ich schon etwas verstehe, 16 Muratho April 2018 versuche ich, originale Klassische Literatur zu lesen. Ich bedanke mich nochmals für deine Postkarte. I also hope, you wouldn't mind, that I've written the main part in German. Thank you for allowing me to make this remarkable connection. Regards Wanda Miles * English translation: Hello Wanda! Thank you for your absolutely fabulous postcard. I am very interested in studying other languages. I have already read your article and think it's great! I find everything related to language learning wonderful! I am personally trying to learn Latin, Italian and Swedish in my free time (which I unfortunately do not have time for right now). Then, once I am able to understand something, I try to read original classical literature. Thank you once again for your postcard.

19 Afrikaanse media Die Afrikaanse media, dinamies op pad! Die nuwe millennium het talle nuwe uitdagings teweeg gebring, ook vir die media. Digitalisering en die internet het nuwe verbruikerspatrone tot gevolg. Wat die Afrikaanse media betref, is die uitdaging nóg groter. Afrikaans word vanuit vele oorde bedreig. Hoe kry die Afrikaanse media dit dan reg om te oorleef? Dr. Thalyta Swanepoel, mediakenner en lektor verbonde aan die Noord-Wes Universiteit, sê die Afrikaanse media is op die meeste platforms sterk aan die gang. Afrikaanse radio loop en televisie brei uit. Die koerante het probleme. Dagblaie moes bloot aangehou het met werk en in hul lesers se behoeftes voorsien, maar het gesprong om digitale nuwigheede te omarm. So het koerante lesers verloor. Klein, gemeenskapskoerante is klone. Een van die kenmerke van n koerant is n eie identiteit, maar die winsmotief oorheers so dat baie van Media24 se gemeenskapskoerante dieselfde lyk. Johan Smith, redakteur van Taalgenoot, sê hulle oorleef deur op hoogte te bly van die nuutste neigings en gebeure. In-diepte artikels, wat deesdae skaars is, dra ook by. Baie mense begin wegbeweeg van die brokkies nuus op sosiale media, en soek stories met meer vleis. Hannelie Diedericks, adjunk-redakteur van Rooi Rose, sê hulle glansblad raak die hart van die Afrikaanse leser. Ons hou n spieël op waarin die moderne Afrikaanse vrou haarself sien en waarmee sy gemaklik voel met wie sy is, en terselfdertyd inspireer ons haar om die beste weergawe van haarself te wees. Daar is n klomp uitdagings wat die Afrikaanse media moet oorkom. Volgens Swanepoel is dit belangrik dat ervare joernaliste gevorm en behou word. Die Engelse media kry dit reg. Hoekom nie die Afrikaanse media nie? Koerante moet ook die voortou neem in taalopvoeding van lesers. Soveel nuutskeppings het in die verlede uit koerante gekom. Maar met jonger redaksies het die taal verswak en die opvoedingsfunksie verflou. Hoewel die rol van die koerante nie meer so sterk is nie, moet die media bly inlig. Dit moet behoorlik nagevorsde, geverifieerde inligting wees. Mening is goed solank dit ingelig is. Mense het nodig om te weet hoe gebeure geïnterpreteer word. Opvoeding is steeds nodig leer mense wat is die waarheid in hierdie post-waarheid era. Leer mense onderskei wat geloofwaardige, gehalte inligting is. Moenie speel vir die meeste geld nie. Sy sê verder dis die media wat uithou en aanhou wat gaan voortbestaan. Die media kan op verskeie platforms bly voortbestaan en floreer, solank hulle hul gehore se behoeftes eerste stel. Digitalisering kan nie anders as om mediaverbruikerspatrone te beïnvloed nie. Swanepoel sê dit het mediagehore se gewoontes in n groot mate verander. Maar dit hang ook af van die generasie. Die jonger mense wil alles so vinnig moontlik hê. Gehore het beslis meer gesofistikeerd geraak. Die grootste invloed is die mens se begeerte om eerste die nuus te kan oordra. In die VSA is dit al so erg, The digital era is presenting traditional media with unique challenges. Since Afrikaans is limited in various domains, the Afrikaans media is facing even bigger challenges. How does it survive and what does the future hold? Various mediasavvy people were approached for answers. Dr Thalyta Swanepoel, lecturer in Media Studies at North-West University, feels that the Afrikaans media still has a strong presence. However, newspapers are experiencing problems. They have tried to adapt to the digital era without considering the needs of readers. Johan Smith, editor of Taalgenoot, says they survive by trying to stay on top of current affairs. Hannelie Diedericks, deputy editor of Rooi Rose, says their magazine is a brand that touches the heart of the Afrikaans woman. Swanepoel states that it is up to journalists to continuously develop by addressing their skills as opposed to merely earning money. The digital era has changed the needs of media audiences however, Eldaleen Hugo, editor of Vrouekeur, stresses the fact that print media will not go out of fashion. There is no generic recipe, she points out. Afrikaans media survives by having a niche publication and providing thoroughly researched articles. Taalgenoot's future lies in going digital and Rooi Rose plans to keep going by staying in touch with their readers. Swanepoel emphasises that synergy between different media platforms is important, but news must always be fresh and original. April 2018 Muratho 17

20 Afrikaanse media dat n vrou by n ongelukstoneel eers n video geneem en op sosiale media gedeel het voordat sy 911 gebel het. Mense wil deel wees, hulle wil erkenning kry n stukkie son. Maar daarmee saam het hul maniere ook gekrimp. Kyk hoe skel mense mekaar op sosiale media selfs al het hulle net die helfte van die storie. Alles is net n groot kompetisie en dis onnodig. Wat belangrik bly, is dat die media hul gehore moet KEN en gaan ontmoet waar hulle hul nuus wil ontvang. Daarvoor is meer marknavorsing nodig. Smith sê by Taalgenoot maak hulle gebruik van sosiale media. Dan werk ons ook saam met platforms soos Netwerk24 en Afrikaans.com. Dis meestal vir bemarking en bewusmaking. Diedericks sê Afrikaanse vroue is aktief aanlyn en Rooi Rose moet bloot hul lesers kry daar waar hulle is. Digitalisering is n belangrike deel van die hele Rooi Rose-ervaring en ons fokus daarop om met ons lesers orals te kommunikeer waar sy ons nodig het. Die Rooi Rose-handelsnaam is meer as net n gedrukte tydskrif. Eldaleen Hugo, redakteur van Vrouekeur, sê, ten spyte van die dissipels wat die evangelie van digitale media verkondig, gaan druk nie uit druk raak nie. Dis soos trappe en roltrappe. Sommige mense verkies trappe en ander roltrappe. Ander gebruik albei. Die probleem is, roltrappe kry meganiese probleme en dan klim jy trappe. Dis dieselfde met druk en digitaal. Dis n keuse, maar die een vervang nie noodwendig die ander nie en die roltrap van media breek dikwels. Ons webwerf en Facebook-blad is n aanvulling tot ons gedrukte handelsmerk. Twitter en nuusbriewe is nie vir Vrouekeur se lesers nie. Nie alle digitale platforms werk vir alle tydskrifte nie, dis iets wat die digitale dissipels dikwels nie begryp nie. Daar is nie n generiese resep nie. Tot watter mate beïnvloed die afskaling van Afrikaans die Afrikaanse media? Swanepoel meen die Afrikaanse media sal altyd voortgaan of die taal nou minder amptelik gebruik word of nie. Dit hang seker ook af van hoe vinnig die regering of ander partye n stokkie steek voor hoeveel Afrikaans toegelaat word. As ek kyk na hoeveel Afrikaanse programme daar is spesifiek vir bruin Afrikaners en die baie nuwe Afrikaanse fliëks, lyk dit of ons n bloeytydperk beleef. Na aanleiding van Swanepoel oorleef die Afrikaanse media dalk nie in die toekoms nie: Netwerk24 is uiters swak. Die stories is gegrond op die mening van dikwels net een persoon en dan ook nie noodwendig die geloofwaardigste nie. Die nuus is meestal oppervlakkig en die onderwerpe wat gedek word, dikwels sensasioneel. Wat het geword van die diep sake die akuele sake? En die nuus agter die nuus. Daar is net plek vir sulke kort storiëtjies swak geskryf en swak gesub. Sy sê verder in Suid-Afrika gaan Afrikaans nog lank voortleef in die gemeenskapsmedia (spesifiek koerante). n Studie oor die Potchefstroom Herald se lesersvoorkeure het getoon dat lesers nie net aan een platform verknoeg raak nie. Hulle wil die nuus aanlyn en ook in druk hê. Die beste manier om te floréer, eerder as om bloot te oorleef, is om n middeweg te vind: Bied op spesifieke platforms 18 Muratho April 2018 dit wat jou gehore daar wil hê aanlyn is lekker vir nuus wat breek en

